# Upingtonners voltooi FARR se FAStrap Program

**GEMSBOK-UPINGTON: FARR ('Foundation for Alcohol Related Research') het onlangs `n 4-dag lange lewensvaardighede opleidingsessie vir lede van die breër Upington gemeenskap gehou.**

Die opleiding is by die FARR kantoor in Robinsonstraat 14, Upington aangebied.

Drie-en-twintig gemeenskapslede, bestaande uit ontwikkelingswerkers van verskeie nie-regeringsorganisasies, soos die Noordkaap Vigsforum, ACVV, Noordkaap Dwelmbekampingskantoor, 'Neighbour helping Neighbour', pleegouers en ander gemeenskaplede het dit bygewoon.

Die aanbieding is behartig deur Leatitia Pool, `n ervare maatskaplike werker en FARR Opleidingsbeampte van FARR se hoofkantoor in Kaapstad.

Sy is bygestaan deur Grace Humphreys, koördineerder van die FARR Upingtonprojek, asook Beaurane Pienaar en Annalize Esau, gemeenskapswerkers van die plaaslike FARR kantoor.

Die lewensvaardighede program is alombekend as die FAStrap© program en is primêr daarop gemik om ouerskapskennis en -vaardighede van deelnemers te verbeter.

Die program hanteer 10 modules met temas oor selfbeeld; beplanning van ouerskap; verantwoordelikhede van ouers; alkohol en ander dwelmgebruik; die effek van alkohol op die fetus; dissipline in die huishouding; kindersorg; voeding; higiene en veiligheid by kinders.

Dit is `n ontspanne, interaktiewe opleidingsprogram waarin storievertelling, speletjies, rollespel en groepbesprekings aangewend word om die boodskap oor te dra.

Na afloop van die program, kry die deelnemers ook die geleentheid om van die inligting met familie, vriende, kollegas en kennisse te deel en word die impak van die program sodoende verhoog.

Die FAStrap© program is een van verskeie opleidingsrogramme wat deur FARR aangebied word.




*Drie-en-twintig gemeenskapslede, bestaande uit ontwikkelingswerkers van verskeie nie-regerings-organisasies, soos die Noordkaap Vigsforum, ACVV, Noordkaap Dwelmbekampingskantoor, 'Neighbour helping Neighbour', pleegouers en ander gemeenskaplede het dit bygewoon.*

Ander opleidingsprogramme sluit in dié wat gerig is op professionele persone soos opvoeders (onderwysers), maatskaplike werkers en persone in die gesondheidsberoepe.

Daar is ook 'n verskeidenheid ander programme vir gemeenskapslede.

Vir verdere navrae oor opleiding kan Grace Humphreys by die plaaslike FARR kantoor in Upington geskakel word (063 364 2075), of Charnine Sobey, FARR Opleidingshoof, kan op 0216857034 gekontak word.

Navrae of insette oor FARR se werksaamhede kan ook aan die hoofuitvoerende beampte Dr Leana Olivier by info@farrsa.org.za gerig word.